



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.



Gr. 5

Totaal: 65
Tyd: 1 uur

Kwartaal 4, Toets 2024 – Memorandum

Vraag 1

1.1 Skryf die onderstaande getalle in woorde:

1.1.1 153 579 (1)

Eenhonderd drie en vyftigduisend vyfhonderd nege en sewentig. ✓

1.1.2 945 621 (1)

Negehonderd vyf en veertigduisend seshonderd een en twintig. ✓

1.2 Skryf die waarde van die onderstreepte syfer in elke getal hier onder neer:

1.2.1 132 010 (1)

30 000 ✓

1.2.2 879 214 (1)

800 000 ✓

1.3 Bereken die verskil tussen die waardes van die grootste en die kleinste syfers in die volgende getal: 879 142 (3)

= 9 000 ✓ - 100 ✓

= 8 900 ✓

1.4 Rond 4 783 af tot:

1.4.1 die naaste 5. (1)

4 785 ✓

1.4.2 die naaste 10. (1)

4 780 ✓

1.4.3 die naaste 100. (1)

4 800 ✓

1.4.4 die naaste 1 000. (1)

5 000 ✓

1.5 Skryf al die faktore van 36 neer. (1)

1; 2; 3; 4; 6; 9; 12; 18; 36✓

1.6 Skryf die veelvoude van 7 tussen 30 en 50 neer. (1)

35; 42; 49✓

1.7 Bereken volledig:

1.7.1 $5\,423 + 11\,534 + 1\,425 =$ (2)

5 423
+ 11 534
1 425
= 18 382✓✓

1.7.2 $25 \times 40 =$ (2)

25
× 40
00
1000✓
= 1000✓

[17]

Vraag 2

2.1 Rangskik die volgende van klein na groot: (1)

$\frac{5}{10}$; 2,5; 0,44; $\frac{1}{4}$; 5

$\frac{1}{4}$; 0,44; $\frac{5}{10}$; 2,5; 5 ✓

2.2 Bereken volledig:

2.2.1 $\frac{3}{7} + \frac{2}{7} =$ (1)

= $\frac{3+2}{7}$
= $\frac{5}{7}$ ✓

2.2.2 $1 + \frac{4}{8} + \frac{1}{4} =$ (2)

= $1 + \frac{2}{4} + \frac{1}{4}$
= $1 + \frac{3}{4}$ ✓
= $1\frac{3}{4}$ ✓ of $\frac{7}{4}$

2.3 Voltooi die onderstaande tabel:

(3)

Onegte breuk	Gemengde getal
$\frac{14}{5}$ ✓	$2\frac{4}{5}$
$\frac{9}{4}$	$2\frac{1}{4}$ ✓
$\frac{11}{3}$ ✓	$3\frac{2}{3}$

2.4 Daar is 55 graad 5-leerders wat deelneem aan swem, $\frac{2}{5}$ van hierdie swemmers het nie swemkeppies nie. Hoeveel van die swemmers het nie swemkeppies nie? (2)

$$= 55 \div 5 \times 2 \text{ ✓}$$

= 22 ✓ het nie swemkeppies nie.

2.5 Lisa spandeer elke dag $\frac{3}{4}$ van haar studietyd aan Wiskunde. Indien sy elke dag presies twee uur studeer, hoeveel van haar studietyd spandeer sy aan haar ander vakke? (3)

$$= 120 \div 4 \times 3 \text{ ✓}$$

= 90 ✓ minute word aan Wiskunde spandeer.


∴ $120 - 90 = 30$ ✓ minute word aan ander vakke spandeer.

[12]

Vraag 3

3.1 Teken die vierde prent in die onderstaande patroon.

(1)



3.2 Voltooi die onderstaande tabel:

(4)

Prent-nommer	1	2	3	4	5	9 ✓	12
Aantal diamante	1	3	5	7 ✓	9 ✓	17	23 ✓

3.3 Voltooi die volgende reëls deur twee korrekte bewerkings in te vul:

(2)

3.3.1 Prentnommer $\rightarrow \times 2 \rightarrow -1 =$ Aantal diamante ✓

3.3.2 Aantal diamante $\rightarrow +1 \rightarrow \div 2 =$ Prentnommer ✓

3.4 Hoeveel diamante sal die 20ste prent in hierdie patroon hê? (2)

$$\begin{aligned} &= 20 \times 2 - 1 \\ &= 40\checkmark - 1 \\ &= 39\checkmark \end{aligned}$$


3.5 Watter prent in hierdie patroon sal 35 diamante hê? (2)

$$\begin{aligned} &= (35 + 1) \div 2 \\ &= 36\checkmark \div 2 \\ &= 18\checkmark \end{aligned}$$

[11]

Vraag 4

4.1 Benoem elk van die 3D voorwerpe: (3)



Driehoekige prisma✓




Silinder✓




Vierkantigebasis-piramide✓

4.2 Teken die net van elk van die volgende 3D vorms:

4.2.1 Kubus (1)




4.2.3 Driehoekigebasis-piramide (1)



4.3 Teken al die moontlike lyne van simmetrie in op die volgende figuur:


(2)



4.4 Skryf die tipe transformasie in elke geval neer:

4.4.1


(1)



Rotasie✓

4.4.2


(1)



Refleksie✓


4.5 Maak 'n skets van die linkeraansig van die onderstaande 3D figuur:

(1)



Vraag 5

Die onderstaande data toon kolwyntjies wat leerders in die graad 5-klas skool toe bring vir hul juffrou se verjaarsdag. Die kolwyntjies is presies genoeg sodat elke leerder in die klas en die juffrou elkeen een kolwyntjie kan kry.



5.1 Gebruik die onderstaande tellingfrekwensie-tabel om die verskillende kleure van kolwyntjiesiersels aan te teken. (2)

Kleur van kolwyntjiesiersels	Telling	Frekwensie
Voorbeeld:	IIII III	8
Geel		
Wit/Vanielje	IIII III	8
Bruin/Sjokolade	IIII I	6
Blou	IIII III	8
Pers	IIII III	8
Groen	IIII	4
Pienk	IIII	4

√telling √frekwensie

5.2 Voltooi die onderstaande histogram: (2)

Kleur van kolwyntjiesiersels vir 'n klaspartytjie

√indeling √afmeting van stawe

Frekwensie	8							
	7							
	6							
	5							
	4							
	3							
	2							
	1							
	Geel	Wit/ Vanielje	Bruin/ Sjokolade	Blou	Pers	Groen	Pienk	

Kleure

5.3 Hoeveel leerders is in hierdie graad 5-klas? (2)

$$= 8 + 8 + 6 + 8 + 8 + 4 + 4 - 1 \checkmark$$
$$= 45 \checkmark$$

5.4 Wat is die kans dat wanneer 'n leerder lukraak (willekeurig) 'n kolwyntjie kies, die leerder 'n kolwyntjie met groen versiersel sal kies?
Skryf jou antwoord as 'n breuk in sy eenvoudigste vorm. (3)

$$= \frac{4 \checkmark}{46 \checkmark}$$
$$= \frac{2 \checkmark}{23 \checkmark}$$

[9]

Vraag 6

Bereken:

6.1 $4,5 \text{ km} + 0,6 \text{ km} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ m}$ (2)

$$= 5,1 \text{ km} \checkmark$$
$$= 5\,100 \text{ m} \checkmark$$

6.2 $25\,505 \text{ g} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ kg}$ (1)

$$= 25,505 \text{ kg} \checkmark$$

6.3 3 uur en 25 minute = $\underline{\hspace{2cm}}$ minute (2)

$$= 3 \times 60 + 25$$
$$= 180 \checkmark + 25$$
$$= 205 \text{ min} \checkmark$$

6.4 Skryf in digitale tyd neer: 55 minute na 14:15. (1)

$$= 14:15 + 55 \text{ min}$$
$$= 15:10 \checkmark$$

[6]

Totaal: [65]